

Deutscher Originaltitel:

Der Wilde Korsar

eine Piratengeschichte für das erste Lesealter von

Ursel Scheffler

illustriert von **Hannes Gerber**

2017 ins Afrikaans übersetzt von

Iken Holm, Kapstadt

Buchausgabe: **arsEdition**, München ISBN 3-7607-3936-9



Für die Übertragung ins Afrikaans unter dem Titel

Die Swart Seerower

bedanke ich mich bei Inken Holm und der

Deutschen Internationalen Schule Kapstadt

Ursel Scheffler



Die Swart Seerower

“Seerowers! Seerowers!” skree die wagte
op die stadsmuur in die mistige oggend.
Maar dit was te laat, die rowers was al aanland.
Hulle pak alles in wat waardevol is.
Hulle neem ook ‘n paar sterk matrose saam.
Hulle gooi brandende fakkels op die bote
en steek huise aan die brand.

Toe die soldate van die Sultan kom
was die seerowers al op hulle bote.
Die seerowerbote raak al hoe kleiner in die verte.
Hulle kon nie die seerowers agterna sit nie,
hulle eie bote is nog aan die brand.


Dit het die Sultan se mense meer as ‘n jaar
geneem om alles weer reg te maak.
Toe maak Sultan en sy mense reg
om die Swart Seerower en sy manne aan te val.



By die versamelpunt meld alle brave manne
aan om saam op die seerowerjag te gaan.
'n Tienjarige seuntjie was ook daar.
Sy naam was Moses.
Die seerowers het sy pa ontvoer.
Nou wil ny na hom gaan soek.

“Seerowerjag? Jy? Hahahaha!”
roep die hawemeester.
“Ons benodig sterk mans,
nie klein pieperige, verskrikte seuntjies nie, Capito?”






Die Vreemdeling

“Moer jouself nie daaroor opwerk nie”,
fluister ‘n stem agter Moses.
Jy kan met my die Swart Seerower agternasit.”
“Het jy gehoorwat hy vir my gesê het?”
sê Moses hartseer. “Klein en pieperig!”

“Ek het ‘n plan, waarvoor ek iemand klein nodig het,
iemand soos jy. Kan jy klouter en seil?”
“Ek is die seun van ‘n visserman.
Ek kon al seil voordat ek kon loop.
Boonop kan ek vinniger as ‘n apie
teen ‘n mas opklim.”

Die vreemde man het saam met Moses
na ‘n bootshut op die klippe gegaan
en het bly staan.
“My naam is Ali. Ek is ‘n verkoopsman.
Ek het nog nooit ‘n rekening
met die Swart Seerower oopgemaak nie.
Hy het drie van my handelsskepe
aangeval en rot en kaal gesteel.”

“My naam is Moses. Die Swart Seeman
het my pa ontvoer”, sê Moses.
”Ek ken al die geheime kortpaaie”, sê Ali.
"Hy bly in ‘n kasteel op Tortuga, ‘n eiland.",
“Dink jy my pa is daar?”
“Dis goed moontlik!” sê die vreemde Ali.
“Dan speel ek saam!” antwoord Moses.



Die Plan

Ali haal versigtig die kaarte uit.
Hy vou die kaart oop
en wys met sy vinger
na 'n klein skilpadvormige eilandjie.

“Hier kruip die wilde seeman weg.
Reg rondom die eiland
is daar gevaarlike rotsriwwe.
Die fort is eintlik onbereikbaar.
Ditis waar hy sy gesteelde skate bêre.”

“Hoe wil jy dan inkom?” vra Moses opgewonde.
“Met 'n slim plan. En met iemand
wat klein genoeg is om deur die klein venster
by die agterkant van die fort in te klim.”

Moses sluk. “Hoe klink die plan?”
“Al wat ek benodig is jou en die slaappoeier
wat ek hier het.”
Hy beduie na die sakkie aan sy belt.
“Oor drie dae is die groot verjaarsdagfees
van die Swart Seerower.
Die seerowers gaan wild vier en partytje
hou soos elke jaar. Maar nie vir lank nie!
Kom saam! Oppad soontoe
sal ek vir jou alles vertel.”





4. Op die seerowereiland

Die wind blaas hard teen die seile.
Teen die middag verskyn die eiland al op hulle pad.
Dit lyk baie wild en onbewoond.
Agter 'n groot rots gooi hulle al die anker in.

Nadat hulle aanland geswem het
en teen 'n gevaarlike krans uitgeklim het,
was hulle uiteindelik by die agterkant van die fort.
Hulle het oor 'n boomstomp se dik mos geloer en 'n
klein opening in die toringmuur gesien.

“Dit is die ventilasievenster van die voorraadkamer!”
fluister Ali. “Ek pas nie daardeur nie.
Ek het al probeer. Sal jy dit regkry?”
Moses knik.



Ali gee vir hom die sakkie slaappoeier en fluister
“Gooi alles in die groot wynvat.”

Soos ‘n geitjie klim Moses teen die muur op
en glip deur die klein venster.
Ali kyk hom besorg agterna.



Dit het ‘n ewigheid geduur
totdat Moses teruggekom het.
“Sjoe, dit was amper!
Ek was besig om die slaappoeier in die vat te gooi
toe die kok daar aankom.



Gelukkig het hy uie kom haal en nie wyn nie!”
“’n Dapper, slim seun!” sê Ali.

“En wat maak ons nou?” vra Moses
“Ons wag!” sug Ali. “Al is dit moeilik.”

Die Seerowerfees

Uiteindelik begin dit skemer raak.
Vanuit 'n boomtop,
wat hulle gou as wegkruipplek geïdentifiseer het,
hou Moses en Ali die seerowers dop.
Hulle sleep die wynvat uit die fort en toe begin die fees.

Die reuk van bosvarkspitbraai en gebraaide
vis vul hulle neuse.
“Drink die vat leeg op my gesondheid!”
kondig die Swart Seerower luidrugtig aan
en help homself eerste.



Die seerowers het met bekere en kanne vol wyn
“Prost!” gekree en gedrink,
maar hulle het glad nie moeg geword nie,
intendeel dit het amper gelyk
asof hulle wakkerder word.

“Dit lyk nie asof die poeier werk nie”,
fluister Moses.
“Seerowers kan langer uithou
as gewone mense”, fluister Ali terug.

Toe gaap een seerower,
toe nog een en nog een!
Dit was al amper middernag
toe die laastes lomerig raak en aan die slaap raak.
Uiteindelik was dit doodstil.



Die Ou Fort

“Nou moet ons die sleutels in die hande kry,”
 fluister Ali. “Hulle hang
 aan die Wilde Seerower se belt!”
 Geluidloos soos ‘n kat klim Moses
 af na die groot vuur toe,
 waar die Wilde Seerower lê en slaap.
 Gou gryp hy die sleutels en hardloop terug.



“Gou, fort toe!” jaag Ali hom aan.
 “Die geheime ingang moet aan die westekant
 van die Fort wees!”

Hy het die bouplanne presies gelees
 om die waarheid te sê studeer.
 Oral in die rotse onder die fort
 was daar gange gewees.
 Die ideale plek om jou gesteelde ware weg te steek!



Hulle het oral gesoek maar hulle kon nie die ingang vind nie. Sou hulle dit ooit vind?

‘n Vlermuis het laag oor hulle koppe verbygeskuif in die rigting van die groot rotse.
 “Die ingang moet daar wees!” sê Ali opgewonde.
 Toe agtervolg hulle die vlermuis.
 Met behulp van die helder maanlig kon mens agter die bosse ‘n gesweisde tralie herken.
 Die tralie was nie gesluit nie.
 Toe glip Ali in. Moses loop agter hom in die pikdonkerte in.



‘n Paar rotte skarrel by hulle voete verby
en vlermuise vlieg geluidloos oor hulle koppe.
Na 100 voetstappe versper ‘n swaar houtdeur
met reuse yster stroke hulle pad verder na die fort.
Die grootste sleutel aan die bos
sluit die deur knersend oop.

Hulle beland toe in ‘n gang,
waar daar ‘n oneindige hoeveelheid selle was.
Die seerowertronk!
Die gevangenes was aan die slaap.
Hulle was nie sterk nie en het baie honger gelyk.
Toe die een eers begryp
wat Ali en Moses wou hê maak hy almal wakker.
“Gou ! Maak die tralies oop!” sê Moses.
Haastig sluit Ali die tralies oop.



“Pa?” roep Moses vol hoop.
Maar niemand het geantwoord nie.



Wegvlug



“Alle seemense moet voor loop!” sê Ali vir die bevryde mense.

“In die hawe is die seerowerskip,
maak hom gereed om te gaan!
Ons moet vlug terwyl die seerowers nog slaap.
Volg my so gou as wat julle kan.
Vat die seerowers se wapens versigtig by hulle,
moenie dat hulle wakker word nie.
Daarna gaan haal ons die skatte
by die groot kasteel!”



Alles het perfek volgens plan verloop.
Die sterkes het gehelp om groot kiste
en sakke tot by die boot te sleep.
Na ‘n uur was almal aanboord.
Seemanne, Ali, Moses en natuurlik
al die teruggesteelde skatte.

“Daar kom nog iemand!” skree Moses.
“Hy sleep ‘n swaar sak saam met hom!”

“Ek moet nog opklim” roep die man
uitasem en val uitgeput op die planke neer.
“Daardie stem ken ek!” roep Moses
en sy hart begin klop.



“Pappa?” fluister Moses
en buig af na die man toe.
Is dit moontlik dat die maer man
met die groot baard sy pa is?
“Moses!” antwoord ‘n dowwe stem.
“My Moses!”

Die geskenk



Eers toe die skip op 'n veilige afstand is,
kom Ali agter dat Moses sy pa gevind het.

“Wil jy nie vir ons sê wat in daardie sware sak is
waaraan jy so hard gesleep het nie?” vra Ali nuuskierig.
“’n Geskenk vir die Sultan!
Hy sal beslis daarvan hou. Kyk maar”
sê Moses se pa.

Ali kyk nuuskierig in die sak.
Binne-in die sak was ...
... die Swart Seerower!

